## 2022 Belastingseisoen

**Tshwane, 29 Junie 2022** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het noemenswaardige veranderinge gebring aan die 2022 Belastingseisoen. Hierdie jaar, is meer as 3 miljoen individuele nievoorlopige belastingpligtiges outomaties aangeslaan deur SARS en sal hulle nie 'n belastingopgawe hoef in te dien indien hul tevrede is met die uitslag nie.

Die bekendstelling van outo-aanslae is slegs een van die versterkings hierdie jaar ingevolge SARS se reis jeens 'n slim, moderne inkomstediens met onbetwisbare integriteit, vertroud en bewonder deur almal. Tegnologie, die gebruik van data, kunsmatige intelligensie en algoritmes het SARS in staat gestel om dit maklik en moeiteloos te maak vir belastingpligtiges om hul wetlike verpligtinge na te kom. Al hierdie innovasies steun ons strategiese oogmerk om helderheid en sekerheid te bied om 'n kultuur van nakoming te koester.

Terselfdertyd het die gebruik van tegnologie en data SARS ook in staat gestel om drasties sy vermoë, om nienakoming na te speur, op te skerp, en om sodanige nienakoming duur en moeilik te maak. SARS sal onderstellingsboetes[1] ophef vir belastingpligtiges wat doelbewus poog om ontoelaatbare uitgawes te eis of wat hul inkomste te laag aangee, asook administratiewe nienakomingsboetes[2] op diegene wat nie die toepaslike sperdatums van hierdie belastingseisoen nakom nie. Belastingpligtiges moet weet dat SARS toegang het tot verskeie bronne van data, wat ons in staat stel om ekonomiese aktiwiteite na te spoor en die volledigheid en akkuraatheid van belastingverklarings te verifieer.

Belastingseisoen, wat in die eerste week van Julie open, sluit alle kategorieë van individuele belastingpligtiges, voorlopige en nievoorlopige, en trusts in.

A. <u>Outo-aanslae</u>

Soos vereis deur ons strategiese oogmerk om die maklik te maak vir belastingpligtiges wat hul verpligting nakom, het ons die outo-aanslag-inisiatief gekonsepsualiseer - ons het 'n groot segment van nievoorlopige belastingpligtiges geïdentifiseer wat tipies belastingpligtiges is wat formeel werksaam is, salarisinkomste ontvang en aftrekkings het soos uittree-annuïteit, asook mediesefondsbydraes. Deur die gebruik van derdepartydata ontvang van werkgewers, pensioenfondsadministrateurs en medieseskemas, was dit vir SARS moontlik om die belastingopgawe namens hierdie segment van belastingpligtiges te voltooi en hulle te voorsien van 'n outo-aanslag.

Die stappe in die outo-aanslagproses is as volg:

1. Vanaf die 1ste Julie sal SARS direk met die geaffekteerde belastingpligtiges kommunikeer per SMS en/of e-pos om belastingpligtiges in kennis te stel van hul outo-aanslae.
2. Indien daar 'n terugbetaling aan die belastingpligtige verskuldig is, sal dit direk na die belastingpligtige se bankrekening oorgeplaas word, binne 72 werksure na die kennisgewing. Indien daar geld aan SARS verskuldig is, moet dit betaal word in SARS se bankrekening, eFiling of die MobiApp teen die vermelde datum.;

[1]Onderstellingsboete (USP) is ‘n boete van tot 200% gehef waar SARS of die fiskus benadeel is as gevolg van:

- versuim om 'n opgawe in te dien;
- 'n weglating in 'n opgawe;
- 'n foutiewe stelling in 'n opgawe;
- indien geen opgawe vereis is nie, die versuim om die korrekte bedrag belasting te betaal; of
- 'n ontoelaatbare vermydingsreeling.

[2] Administratiewe nienakomingsboete is 'n boete gehef van tot R16 000 per maand vir elke maand wat 'n belastingopgawe uitstaande is.

3. Belastingpligtiges kan toegang verkry tot die outo-aanslag deur enige van SARS se kanale, soos die SARS MobiApp of SARS eFiling, om die volledigheid en akkuraatheid van die inligting, wat tot die outo-aanslag gelei het, na te gaan.

4. Indien 'n belastingpligtige tevrede is met die outo-aanslag, hoef hulle niks verder te doen nie en die proses eindig op hierdie tydstip.

5. Indien die belastingpligtige bevind dat daar inligting, ten opsigte van hul inkomste of uitgawes ontbreek en/of onakkuraat is, wat die uitslag mag affekteer, moet dit binne 40 werksdae, vanaf die datum van die outo-aanslagkennisgewing, aan SARS verklaar word deur 'n belastingopgawe in te dien.

6. Risiko-sifting:

    a. Vir al die outo-aanslae wat uitgereik word, het SARS die nodige risiko-sifting uitgevoer, en mits 'n belastingpligtige 'n opgawe indien, sal geen verifiëring-, oudit- of herroepingsproses deur SARS geïnisieer word nie. In uitsonderlike gevalle, mag banke risiko's aan SARS uitlig, wat aan die belastingpligtige gekommunikeer sal word.

    b. Vir alle opgawes wat deur belastingpligtiges ingedien word, sal die normale SARS risiko-siftingproses toegepas word. Dit mag 'n verifiëring inisieer, waarmee SARS belastingpligtiges sal versoek om stawende dokumente in te dien om die inligting, soos verklaar in die belastingopgawe, te staaf.

7. Hersiene aanslae vir opgawes ingedien:

    Waar belastingpligtiges 'n opgawe ingedien het, dus aandui dat hul nie met SARS se outo-aanslag saamstem nie, sal SARS die opgawe prosesseer en 'n hersiene aanslag uitreik wat 'n ander finansiële verpligting tot gevolg mag hê, bv. verminderde terugbetaling, verhoogde terugbetaling of betaling aan SARS verskuldig.

8. Besware en appèlle:

    Indien die belastingpligtige nie met die hersiene aanslag saamstem nie, kan hulle 'n beswaar inisieer deur die normale SARS-beswaarproses.

B. <u>Nievoorlopige belastingpligtiges:</u>

Nievoorlopige belastingpligtiges wat nie 'n outo-aanslag ontvang nie en dus vereis is om 'n opgawe in te dien, kan dit doen vanaf 1 Julie 2022 tot 24 Oktober 2022.

C. <u>Nievoorlopige belastingpligtiges en trusts:</u>

Nievoorlopige belastingpligtiges en trusts kan vanaf 1 Julie 2022 tot 23 Januarie 2023 opgawes indien.

Belastingpligtiges word aangeraai om vir die e-pos en SMS te wag en om nie SARS-takke te besoek gedurede die eerste week van Julie nie. Diegene wat SARS-takke wil besoek, word herinner om asseblief 'n afspraak te maak op ons *eBooking*-stelsel om 'n doeltreffende dienservaring te verseker. Dit kan gedoen word deur of 'n SMS te stuur aan 47277 met

*Booking* (spasie) ID/Paspoort/asielsoekersnommer; of deur die SARS-webtuiste (www.sars.gov.za), klik op die *Book an Appointment*-ikoon. Belastingpraktisyne word aangeraai om streng by hulle kanaal te bly wanneer hul 'n afspraak maak.

Belastingpligtiges kan ook die SMS-nommer 47277 gebruik om 'n belastingverwysingsnommer te versoek, uit te vind of jy 'n opgawe moet indien en om 'n rekeningstaat te kry (verwys na die SARS-webtuiste vir meer inligting).

SARS werk baie hard daaraan om te volhard in die verbetering van sy diens aan belastingpligtiges, deur meer digitale aanbiedinge beskikbaar te stel om belastingpligtiges in staat te stel om met SARS sake te doen sonder om 'n tak te besoek. Dit sluit in digitale aanbiedinge soos eFiling, die SARS MobiApp, die bogenoemde SMS-diens, die SARS-webtuiste en die SARS-kontaksentrum.

SARS herinner belastingpligtiges daaraan dat dit 'n kriminele oortreding is om nie jou belastingopgawe in te dien nie, of om 'n verklaring te maak wat onakkuraat of onvolledig is. Ons herhaal dat SARS sal boetes hef vir laat en onakkurate/onvolledige verklarings.

Kragtens ons strategiese oogmerk om saam met en deur belanghebbendes te werk, het SARS veelvoudige skakelings met verskeie verenigings gehad, insluitend erkende beherende liggame, om seker te maak dat belastingpraktisyne die veranderinge wat hierdie jaar geïmplementeer word verstaan, insluitend die wat verband hou met outo-aanslae.

SARS spreek sy waardering uit teenoor werkgewers en derdepartydataverskaffers wat hul 31 Mei 2022 indieningsdatum nagekom het. SARS reik 'n streng waarskuwing uit aan werkgewers en derdepartye wat nienakomend is, dat die organisasie hulle sal vervolg tot die volle omvang van die gereg.

SARS-kommissaris Edward Kieswetter het gesê: "Outo-aanslae is 'n sleutel-innovasie ontwerp om SARS se diens-aanbiedinge aan belastingpligtiges te verbeter. Dit volg die beginsel dat die beste diens geen diens is nie en sal SARS toelaat om die moontlikheid te verken om uiteindelik geen belastingseisoen, soos ons dit leer ken het, te hê nie."

"Ons ontsien geen poging om alle inkomste, wat aan die staat verskuldig is, in te vorder nie. Dit sal die regering in staat stel om basiese dienste te lewer aan kwesbare individue en huishoudings, insluitend die betaling van toelae aan pensioenarisse, en die voorsiening van onderwys en gesondheidsdienste," het die kommissaris bygevoeg.

Vir meer inligting, kontak Sarsmedia@sars.gov.za.